

Donderdag 3 Julie

Skrifgedeelte: Johannes 1:1-5

Fokusgedeelte: Johannes 1:3

Jy is ook deur Jesus geskep!

Anders as die ander drie Evangelies, begin die Johannes-Evangelie al reeds voor die skepping. Reeds van die begin af was Jesus – die Woord – daar, en Hy was van altyd af God, en Hy was van altyd af in die mees volmaakte verhouding met God. Jesus word die “Woord” genoem, omdat God Homself deur Jesus aan ons bekendmaak. En die eerste manier hoe God deur Jesus Homself aan mense bekendgemaak het, is toe God alles deur Jesus geskep het (Joh. 1:3; 1 Kor. 8:6; Kol. 1:16; Heb. 1:2). Mense kon dus van die begin af al God leer ken deur die skeppingswerk van Jesus! Die woord in die oorspronklike taal dui aan dat selfs alles wat vandag bestaan, en nog gaan bestaan, bestaan deur Jesus! (vgl. Kol. 1:16). En hoe wonderlik maak sy skeppingswerk God aan ons bekend, veral God se almag, waarom ons so jubel hierdie maand!

En uiteindelik op die tyd wat God vasgestel het, het Jesus – die Woord – mens geword, en onder ons kom woon (Joh. 1:14). Hier op aarde het Jesus God nog baie duideliker aan mense bekendgemaak. Jesus het God die heel duidelikste bekendgemaak aan die kruis en deur sy opstanding! Daar sien jy God se hart en God se genade die heel duidelikste vir sondaarmense wat dit nie verdien nie. En deur Jesus se kruis en opstanding word jou herskepping ook moontlik! Want deur Jesus se kruis kan jou ou mens al hoe meer doodgaan, en deur sy opstanding kan jou nuwe mens al hoe meer opstaan! So maak Jesus God aan ons bekend, nie net as almagtige Skepper nie, maar ook as liefdevolle Herskepper! En daarvoor sal ek jubel!

Sing: Psalm 19-1:1, 2

Ds. LM (Marcel) Floor (Wapadrant)